Funding for small not-for-profit independent publishers like Junkets is a tricky business! We received a grant of R10 000.00 from Distell Foundation, and then embarked on a crowdfunding exercise with Thundafund. I set up an Ideas Group of 10-or-so friends and supporters, and together we developed ideas, some of which are still percolating away gently. At the time of writing, we have 19 days of the 45-day campaign left, and we've achieved backing of some R18 000.00. That's very exciting. We're still another R8 000.00 away from the 'tipping-point' of R25 000.00, which is what we need to achieve in order to secure the money. If we fail to reach that magic amount, we lose everything and come away with nothing. I'm 'quietly confident' we'll reach the tipping-point.

We invite your interest in this exciting project, and we look forward to hearing from you. For more information, contact Junkets Publisher, email info.junkets@iafrica.com or cellphone 076 169 2789.

Robin Malan

REVIEW SECTION

In this letter, as in the past, our focus is books in Afrikaans – fortunate to rely on the wide knowledge and expertise of Lona Gericke. Our colleague Jay Heale does such a good job in reviewing books in English in his publication Book Chat that we have tended to neglect books in other languages. However, we are rethinking this and hope to broaden our scope in the next few months. As Noni pointed out at our AGM, we depend on publishers to send us review copies and we will be sending out requests in the next few weeks. .

Reviews by Lona Gericke

Van Manenberg met liefde

Graffiti teen ‘n muur in Manenberg lees soos volg: “Family issie ding van die hart”.

Jay bly in n skakelhuis by Ma Koba in Manenberg. Hy het die Los\$Boys “gedrop”, en hy weet Alpha ,die bendeleier, gaan baie ontevrede wees as hy hoor van sy voorneme om in Observatory te gaan bly en aan UCT te gaan studeer met die beurs wat hy gekry het vir maatskaplike werk. Hy moet kies, maar die drang bly sterk om ‘n plek in ‘n gang-familie te hê.

In ‘n verwaarloosde Victoriaanse tweeverdiepinghuis huur hy ‘n kamer by Michelle. Hy hoor dadelik ‘n baba huil.

So begin ‘n hele nuwe avontuur vir Jay Plaatjies. Want Michelle verdwyn spoorloos en Jay word agtergelaat met ‘n baba wat versorg moet word. Sy vriendin Rasheeda probeer hom help met die versorging van die kind, maar die eenaar raai hom aan om die baba na die polisie of die welsyn te neem. Dan lees hy ‘n koerantopskrif wat vertel dat ‘n bendeoorlog dreig op die Kaapse vlakke. Hy weet Alpha en die Lo\$Boys gaan betrokke wees. Hy besluit om te wag tot die baba se ouers terugkeer, maar dit gebeur nie. Waar sal die baba veilig wees? Die bendegegeweld neem toe, en Alpha vra Jay om weer by hulle aan te sluit; hulle het iemand met verstand nodig in die groep. Maar Jay is vasbeslote om nie weer by die bende betrokke te raak nie. Maar ten einde die baba na veiligheid te bring moet hy verby die bendes tot by Ma Koba se huis kom.

Hierdie verhaal het my beïndruk want daar is ‘n sterk gevoel van opregtheid aanwesig. Jay is as toekomstige maatskaplike werker oortuig dat hy die baba moet beskerm en selfs moet aanneem. Hierdie oortuiging spruit ook deels uit die feit dat hy self gevoel het soos ‘n weggooi kind; hy wil dit nie aan hierdie onskuldige baba doen nie. Terselfdertyd het hy ‘n mate van jojaliteit teenoor die Lo\$Boys; Alpha was sy vriend en ook beskermheer. Daar is dus gedurigdeur ‘n tweestryd in Jay.

Ek dink dat die verhaal tog ‘n kykie gee in die lewe en omstandighede van gangsters, en ook hoe dit vriende raak wat emosioneel en vanwee lojaliteit betrokke is, hoewel hulle nie self wil deelneem aan bendegegeweld nie. Die aanwending van die spesifieke dialek en taalgebruik werk ook, en in die geheel lees die verhaal lekker en word die spanningslyn goed gehandhaaf. Jay die mens oortuig; selfs as enige regsdenkende mens sy gedrag as uiters ongewoon sal sien en dalk ook nie as geregverdig nie. Nogtans is **Van Manenberg met liefde** vir my ‘n boek met waarde en word hier ‘n mooi lewensles geleer.

Mike Michaels(PROTEA, 2014) Oorspronklik gepubliseer in 1998 as Lost boys. Hierdie publikasie is in Afrikaans verwerk deur Willem van der Walt en Mike Oberholzer.

Lona Gericke

‘n Fees van prentboeke vir kleuters!

Klein wit vissie is so bly

Klein wit vissie is so bly want sy mamma kom hom haal. Teen n treffende swart agtergrond en met eenvoudige illustrasies van elke dier vir wie hy totsiens sê swem hy weg in die rigting van sy ma. Slak in sy dop, padda op die rots, seepdijie onder die blaar, krap agter ‘n klip, goudvis tussen die riete, elkeen word gegroet. Maar hy belowe da thy die volgende dag weer sal kom. Die kleure van die verskillende diertjies steek pragtig af teen die swart agtergrond en heel kleintjies sal dit geniet om elke een te identifiseer. Die mamma is natuurlik ‘n groot vis en stel gerus as die klein vissie se beskermer. Heel treffend.

Guido van Genechten(PROTEA, 2014) In Afrikaans vertaal deur Caren van Houwelingen.

Klein wit vissie

Hier is klein wit vissie baie ongelukkig want hy soek sy mamma. Rooi krap is nie sy ma nie, ook nie oranje seester nie; nie die geel slak of groen skilpad nie. Die blou walvis of pers seekat kwalifiseer ook nie. Dan kry hy sy mamm en sy het al die kleure van die reënboog in haar lyf saamgevat. Uit ondervinding weet ek dat kleintjies dit baie geniet as 'n diertjie soek na sy mamma en haar dan vind. Dit is 'n ouer /kind situasie wat hulle bekend vind.

Guido van Genechten(PROTEA, 2014)

Die groot baba-boek

Kleintjies leer hier van die babas van verskillende diere. Muisies is kaal en pienk met geboorte maar het gelukkig 'n warm nessie. Skapies het mooi krulhare; babas is altyd honger; of dors; party lê net as hulle gebore is; ander staan reeds regop op hul pootjies. Jan was eers 'n baba, maar nou is hy 'n ouboet!

Weereens 'n kartonboek met mooi groot illustrasies van die verskillende diere. Hierdie boek is regtig ideaal om kleintjies te leer hoe verskillende diere se babas met geboorte reageer. Dan sal 'n seuntjie wat vir die eerste keer ouboet word dit baie geniet! Oulik en koesterend.

Guido van Genechten(PROTEA, 2014)

Die groot eet-boek

Lekkerbek-Jan word uitgenooi om te kom eet terwyl mamma besig is om die baba te voed.

Soos hy het diere ook verskillende eetgewoontes. Bobbejane eet vrugte, ander hou meer van groente, neute en akkers, 'n stukkie kaas of gras. Skoenlappers kry hul etes uit blomme.

Pragtige eenvoudige illustrasies van elke dier en sy eetgewoontes, en Jan wat so lekker smul aan sy kos en nagereg. Vrolik; die kartonboeke is almal stewig en sal baie hantering kan oorleef. Mooi.

Wikkels vark het 10 balonne

Hy het 10 balonne, maar hy hou die meeste van sy beertjeballon. Kleintjie vark kry een, toe word die ballonne 9. Morsjors vark kry ook een, Spikke;s vark ook en so verdwyn die balonne een vir een todat Grote vark se sussie die toutjies van die laaste 3 balonne uit sy poot gryp en weghardloop met die beertjie ballon wat ook wegvlieg. Wikkels is baie hartseer. Gaan hy weer sy geliefde ballon terugkry?

Die Wikkels- stories is uiters gewild in Engels en hierdie vertaling in Afrikaans sal met gretigheid ontvang word. Mick Inkpen is een van die meesters as dit kom by prenteboeke. Hy het 'n fyn aanvoeling vir die klein kind en slaag daarin om nie net oulike karaktertjies en situasies te skep nie, maar in 'n eenvoudige storie altyd 'n interessante Kinkel by te werk. Kinders hou van ballonne, en kan hier tel en identifiseer met 'n ballon uitkies. Sy boeke is 'n fees van kleur en Wikkels is 'n dierbare klein varkie wat in kou hart inkrui. Hoogs aanbeveel.

Inkpen, Mick(PROTEA, 2014)Afrkaanse vertaling deur Shané Kleyn.

Is dit slaapyd, Wikkels Vark?

Die Engelse titel Is it bedtime Wibbly-pig het ek telkemale voorgelees aan babas en kleuters, en dit is altyd met groot genot aangehoor. Slaapyd ken elke kind, ook wanneer hulle nie lus het om te gaan slap nie en

verskonings uitdunk om die slaapyd uit te stel! Dit is met blydschap date k sien die boek is nou ook in Afrikaans vertaal.

Met elke vraag van die ouer het Wikkels 'n verskoning- hy bad nog ; hy droog himself af; hy sit op die toilet; hy lees eers sy storie klaar. Totdat hy uiteindelik in die bedkom en soete drome droom.

Hierdie is 'n baie spesiale prenteboek. Eenvoudige beweeglike illustrasies van die beertjie en sy manewales teen 'n uitgestrekte wit agtergrond wat ruim en uitnodigend is. Die teks is lekker groot en maak die boek uiters geskik vir voorlees of selflees.

Inkpen, Mick(PROTEA, 2014) Afrikaans deur Shané Kleyn.

Noko en die koel katte

Die Engelse titel Noko and the Kool Kats deur Fiona Moodie is in Afrikaans vertaal deur Louise Steyn en Philip de Vos.

Sommer met die eerste oogopslag het ek opgewonde geword toe ek die boek sien. 'n Groot duursame hardeband prenteboek met die "coolste" omslag van dansende "koel katte" met sonbrille teen 'n oranje Afrika agtergrond wat dadellik die aandag trek.En die storie en verdere illustrasies het ook nie teleurgestel nie.

Die agt diere vriende het die heeldag mielies geplant en koel nou af langs die rivier. Boe die adjudantvoël haal 'n stuk koerantpapier tussen die riete uit. Hulle lees dat die Koel Katte 'n rock-konsert in die stad hou en hulle almal wens hulle kon die konsert bywoon . Dit sal soveel interessanter wees en meer pret as hier op hul klein dorpie.

Maar op pad huis toe wag daar 'n groot verassing. Die Koel Katte se groot bus het in die sand vasgeval en die spul is knorrig. Hulle help die spul om hul bus uit die sand te grawe maar dit neem 'n hele dag van harde werk . Die Koel katte is verplig om nog 'n nag hier oor te bly. Maar watter wonderlike ervaring word dit nie vir al die diere nie!

Die boek laat my regtig sprakeloos. Hoe om in 'n resensie reg te laat geskied aan Fiona Moodie se illustrasies wat elke bladsy vul met kleur en besige betrokke diere teen 'n agtergrond van bome en bosse wat die leser betower met die lekker gevoel van iets eg uit Afrika. Ryk kleure van geel en oranje in die illustrasie van die Koel katte se bus; donker bome die aand van die konsert teen die oranje horison afgeteken. Elke bladsy is 'n lees en kyk-genot.

Die boek word hoogs aanbeveel veral vir voorlees en selflees vir 3-6jariges+ Hierdie is 'n juweel en die skryfster het haarself regtig oortref. Baie geluk met 'n baie spesiale boek.

Bedford, David: Molkleintjies (PROTEA, 2014) Illustrasies deur Rosalind Beardshaw. In Afrikaans vertaal deur Shane Kleyn

Toe Mietsie vir Mario meedeel dat hul kleintjies oppad is, besluit hy om te gaan uitvind hoe ander diere hulle kleintjies gelukkig hou.Hy val hom amper disnis toe hy prober hop soos die hasies; hy aap die flarrende klein voëltjies na en val weer; ook die plassende eendjies se nabootsing laat hom in die water beland. Sy vrou herinner hom dat hul kleintjies net liefde nodig het om gelukkig te wees.

'n Mooi boodskap en die twee mol ouers is tog te oulik.

Buckingham, Will : Die snurk en die seeman(PROTEA, 2014) Illustrasies deur Thomas Docherty. Afrikaanse vertaling Shane Kleyn

Die smurk bly alleen en sy hele bestaan gaan daarom om himself gelukkig te hou. Op 'n dag klop 'n seeman aan sy deur en vra of hy kan binnekom. Hy geniet die seeman se stories, maar die volgende oggend is die seeman weg en hy probeer sy bes om hom op die see in te haal. So vertrek hy op 'n reis saam met die seeman- " en dit het 'n fantastiese storie geword!" Verbeeldingryke illustrasies; 'n heerlike leeservaring!

Dematons, Charlotte: Die geel ballon (PROTEA, 2014)

Hierdie is 'n woordlose prenteboek wat jong lesers die geleentheid bied om self dit wat hulle sien te verwoord in 'n eie persoonlike ervaring. Dan is daar nog 'n blou motortjie, 'n boef, 'n fakir en 'n geel ballon wat versteek is op elke bladsy. 'n Boek om jou verbeelding in te span en self jou leeservaring onvergeetlik te maak.

Donaldson, Julia : Zok (PROTEA,2014) Illustrasies deur Axel Scheffler. Afrikaanse beryming deur Philip de Vos

Zok is die slimste drakie in Juffrou Skubbe se skool. Hul allereerste les is om te leer vlieg, maar Zok vlieg teen 'n boom vas. 'n Meisietjie plak 'n pleister op sy snoet. Toe hy leer brul, is hy weer total hees en moet die meisie weer dokter speel met peppemente vir die rasperstem. Toe hy leer om vuur te blaas, raak sy vlerk weer aandie brand. Wanneer hulle prinsessies moet vang, bied sy vrywilliglik haar dienste aan. Die ridder Boudewijn wil haar egter red, maar sy verklaar dat sy 'n dokter wil word en Boudewijn stem saam. En Zok is ook nie links met sy eie begeerte om dokter te word nie!

Briljante beryming deur Philip de Vos; heerlike drakie-illustrasies en groot pret.

Donaldson, Julia: Superwurm (Protea, 2014) Afrikaanse beryming deur Philip de Vos

Superwurm is die handigste wurm om as vriend te hê, want hy kan 'n tou word om 'n paddatjie te red; 'n visserslyn wees om gogga uit 'n put te red; en selfs 'n lekker springtou word.

Maar Towenaar Akkedis gee kraai die opdrag om superwurm te vang om hom te help om skatte uit die grond te graawe. Die diere besluit om Superwurm te help en gebruik 'n heuningkoek as hul wapen. En die nare akkedis land op die rommelhoop.

Donaldson, Julia: Tjokkie(PROTEA, 2014) Afrikaanse beryming deur Philip de Vos

Tjokkie die vissie is lief om groot te praat. Hy is gedurig laat vir skool, en vertel dan allerhande ongelooflike stories van die ervarings wat hy gehad het. Op 'n dag word hy in 'n net gevang. Die vissers besluit hy is te klein en gooi hom terug in die see. Hoe gaan hy weer by sy mense uitkom? Deur die storie te volg!

Donaldson, Julia: Rower Rot(PROTEA, 2014) Afrikaanse beryming deur Philip de Vos'

Rower Rot Hy neem hasie se klawer af en eekhoring se akkers; en die miere se enkele blaar. Hy eet alles wat hy kan kry, en die diere word maerder en het erg gely. 'n Eend lei hom na 'n donker grot waar sy haar suster roep. Rower Rot volg die stem van uitnodiging in die grot, en die eend vlug op sy perd. Die rower kon net eggo's in die grot kry en werk nou as skoonmaker in koekwinkel waar hy vloere vee!

Donaldson, Julia: Kris de kat(PROTEA, 2014) Afrikaans deur Philip de Vos

Kris de Kat was saam met Klaas sy baas 'n straatsangers-kat. Op 'n dag word sy aandag afgetrek deur 'n wyfie kat; en terwyl hy klets met die wyfiekat word Klaas beroof en land in die hospitaal. Kris het hom gaan soek, maar toe maar by die wyfie kat se gesin ingetrek. Sal hulle weer bymekaar uitkom?!

Donaldson, Julia: Stokman(PROTEA, 2014) Afrikaans deur Philip de Vos

Stokman gaan stap, en 'n hond sien hom aan as 'n lekker gooi stok vir 'n hond. Kinders gooi hom as 'n speelding in die water, en 'n eend sien hom aan as 'n lekker bougoed vir swane se neste. Wanneer hy op 'n strand beland, word hy weer gebruik as 'n mas vir 'n sandkasteel. Wanneer hy in 'n kaggel gegooi word vir brandhout, help hy 'n man wat vassit in die skoorsteen. Gaan stokman by sy gesin uitkom vir Kersfees?

PROTEA uitgewers word geluk gewens met hierdie 6 pragtige prenteboeke wat nou in Afrikaans lewe kry met Philip de Vos se wonderlike berymings. Axel Scheffler is 'n illustreerder van formaat, en elkeen van die boekies is 'n lus vir die oog met soms volblad illustrasies in kleur en hierby 'n humoristiese aanslag wat elke boek nog 'n lekkerder leeservaring maak. 6 keurig versorgde boeke in hardeband wat in elke huis 'n tuiste kan vind, en biblioteekversamelings pragtig gaan aanvul. Hoogs aanbeveel.

Edwards, Gareth: Die grillerige toebroodjie (PROTEA, 2014) met illustrasies deur Hannah Shaw. Afrikaanse vertaling Shane Kleyn.

'n Honger ratel met 'n grommende magie verlustig hom in die heerlike toebroodjie wat 'n seuntjie in die park inbring. Maar die toebroodjie val in die sand, en 'n dogtertjie raai hom aan om dit nie te eet nie. Eekhorning gryp dit om met haar kinders te deel, hulle laat dit val in 'n visdammetjie. 'n Padda wil dit eet, maar 'n seun op 'n skaatsplank ry daaroor en toe is dit ook vir padda te grillerig. So beland die toebroodjie in al meer situasies wat hom nog meer grillerig maak en niemand stel belang om hom te eet nie! Toe ratel uiteindelik weer die toebroodjie sien omring deur slakke, is hy nog steeds rasend honger.... Wat eet hy?! Toe... Natuurlik die slake, want daardie toebroodjie is nou jeenmaal te grillerig!

'n Prenteboek wat kleuters gaan vermaak want elke kind kan identifiseer met iets grillerigs wat hulle nie wou eet nie! Terselfdertyd kan die arme ratel in elke situasie opgemerk word waar hy maar net kan toesien hoe die toebroodjie waarvoor hy so lus is, al leliker begin lyk. Vrolike kinder- vriendelike illustrasies beweeglik en verbeeldingryk. Hoogs aanbeveel.

Lebihan, Kara: Tant Bettie se broekie (PROTEA, 2014) Illustrasies deur Deborah Allwright. Afrikaanse vertaling Shane Kleyn.

Toe Tant Bettie se gunsteling broekie van die wasgoeddraad af waai, dink sy dit is die einde van haar broekie, maar dit is net die begin!

Dit raak verstrengel in 'n vlieër; seil oor die bou tereen en dorpsplein; haak aan 'n robot vas; 'n voël vlieg daarmee weg en dit waai deur 'n klaskamer; deur 'n dieretuin en om die tuimeltrein. As mas vir 'n bootjie wen die broekie 'n kompetisie op see. 'n Windvlaag waai dit weer weg, dit beland op 'n valskerm-springer, en met die valskerm-springer se grondvat, weer by Tant Bettie.

Hierdie is 'n lekker aweregse storie en die humor sal by kinders met 'n humorsin byval vind. Die illustrasies het ook genoeg beweging om die aandag te hou.

Boeke vir jonger lesers – 9-12jaar: Speurders aan die woord!

Tans het jong lesers 'n hele paar speurder karakters wat voorkom in verskeie reekse om hul besig te hou. Dar is die heksie Lillie in avonture met 'n towerswaard; op soek na die geheime stad Atlantis en o.a. die raaisel van die mummie- 'n reeks deur PROTEA met die allermooiste kleur illustrasies. Ook die bekende Speurder Kwaaikofski in 'n reeks deur Human & Rousseau- die seun met 'n voorliefde vir kougom en 'n neus om speurder te speel; dan Professor Fungus met Jenny en Bennie wat sy avonture soos die robotkrisis deel; Nina en haar vriendin Jessie wat ook speurder speel op hul eie manier; en onlangs die nuwe speurder of eintlik nuusredakteur Sanri Steyn deur Theresa van Baalen uitgegee deur LAPA, 2014). Janee, hier is sommer baie interessante speur-situasies om kinders lekker te laat lees!

Banscherus, Jungen: Speurder Kwaaikofski 9: die stinkstorie (H&R, 2014)

Olga roep Speurder Kwaaikofski se hulp in wanneer koerante voor haar kiosk daaglik verdwyn. Wanneer hy 'n man agtervolg land hy in 'n ondergrondse doolhof van tunnels en slegs die dief kan hom help om weer daar uit te kom. En wat 'n snaakse rede het die man nie om te verduidelik waarom hy die koerante steel nie! Daar het lareeds 9 titels verskyn met Kwaaikofski as speurder, en veral seuns kan aanklank by die karakter vind wat so mal is oor kougom! Eenvoudige teks, maklik leesbaar en verstaanbaar; vir beginner lesers.

Van Baalen, Theresa: Sanri Steyn 2-die aliens oorkant die straat(LAPA, 2014)

In hierdie nuwe reeks vir 9+jariges ontmoet ons die hoofkarakter Sanri Steyn , 'n meisie wat tog te graag joernalis wil word. Sy is dus nuuskierig en ondersoekend oor alles wat in haar omgewing gebeur. Stel jou voor: sy en haar vriendjie Markus sien hoe meneer Zeelie oorhaastig uit sy huis trek omdat hy die Lotto gewen het en oppad is Hawaii toe. Gedurende die nag breek daar 'n verskriklike storm uit, en die volgende oggend is daar sowaar nuwe intrekkers in die huis! Hulle sien twee kinders voor die huis daardie oggend en ontmoet Andra en Leo. Altwee het silwer hare, en die snaakste voertuig is voor die huis geparkeer. Sanri besluit sommer gou hulle nuwe intrekkers is aliens, en haar vermoede word bevestig deur die gebeure met die silwer bal. Omdat hulle twe kan swem word hul hulp ingeroep om te help om die O.G. onsigbarheidsmantel –genereerder in die water op die regte plek te plaas sodat die aarde nie vir bese ruimtewesens sigbaar is nie.

Goeie oortuigende skryfstyl. Die illustrasies deur Johann Strauss werk en moet gekomplimenteer word deur die twee boeke se pragtige omslae wat dadelik die aandag trek en Sanri duidelik vestig as hoofkarakter.

Die eerste titel in die reeks is **Sanri Steyn: Doktor Zombos se geheime formule** (LAPA, 2014)

Sanri en haar ma beland op die dorpie Raaiselfontein waar haar ma die nuwe skoolhoof is. Haar aandag word gou getrek deur die advertensie vir Bloepghoeps Lekkergoed – 'n fabriek . 'n Seun waarsku haar om nie die lekkers te eet wat in 'n verwelkomingsmandjie op hul stoep geplaas is nie. Sy besef gou dat die dorpsmense almal sulke dooie oë het, behalwe die seun Markus want hy is allergies vir die lekkers en eet dit nie, en die tweeling Carlo en Franco wat dit geniet om die kinders allerhande simpel dinge te maak doen wanneer hulle van die lekkers eet. Sanri is egter vasbeslote om uit te vind waarom die lekkers die mense so affekteer.

Persoonlik het ek die tweede titel meer geniet, miskien omdat so baie van die speurstories melding maak van geheime koeldranke of formules wat mense op verskillende maniere laat reageer! Maar ek ding Sanri Steyn gaan gou 'n aanhang onder lesers geniet. Lekker onderhoudend geskryf.

Nina en die funky eksperiment

Nina se pa skryf 'n storie oor die nuwe koeldrank-fabriek op die dorp en Nina besoek die fabriek saam met haar pa. Die Professor daar is egter baie onbeskof en hulle word omtrent weggejaag. Sy neem egter ongemerk die deur se sleutel saam. Sy en haar vriendin Jes is alweer in die solder en Nina sit die pet op wat haar op buitengewone reise neem- hierdie keer land sy op 'n seun se kop en sien sy gesig is oortrek met puisies. Sy is toegespits op die atletiekbyeenkoms en wil aan die hoogspring item deelneem. By die skool is daar 'n nuwe meisie, Mirkia, en die spring sommer baie hoër as die ander meisies. Haar boetie het 'n padda genaamd Brommels in die parkie opgetel, en met die oefening drink Jessie uit die verkeerde koeldrank-bottel en spring toe ook ewe maklik oor die dwarslat! Daar is definitief iets in die koeldrank wat Mirkia drink. Hulle let ook op dat sy gedurig pleisters op haar gesig het wat goeters toeplak. D.m.v. die pet in die solder besoek sy die fabriek en sien hoe die professor 'n paar druppels vloeistof by die koeldrank mengsel gooi. Sso begin hulle nuwe avontuur ontvou; en Nina se lesers sal dit geniet om te lees hoe sy die Professor uitoorlê, en selfs daarin slaag om 'n funky eksperiment te doen met suurlemoene- 'n supa doepa borrelkoeldrank; en gelukkig ook 'n koeldrank sonder enige nadelige effekte!

Nina en die wacky hare was die eerste boek in die reeks (Wenner van 'n ATKV-kinderboektoekenning), 'n boek wat ook op die kortlys was vir die MER prys vir geïllustreerde kinderboeke in 2013.

Elizbe van der Colff het 'n fyn aanvoeling vir die verbeeldingswêreld van jong lesers; sy skep geloofbare karakters wat optree en reageer soos tipiese jong nuuskierige avontuurlustige kinders wat hul omgewing ondersoek en in die skool situasies betrokke is en n verskil probeer maak deur self te presteer, of bese elemente wat nadelig kan impak op die skoolgroep, te ontmasker. Heerlike groot druk; Chris Venter het weereens bewys dat hy die skrywer se karakters verstaan en oortuigend kan teken. Hoogs aanbeveel vir skool, biblioteek en tuis versamelings.

Van der Colff, Elizbé (Tafelberg, 2014) Illustrasies deur Chris Venter
